# RAGAB EN DIE ROOI TOU VAN REDDING

Ons oordink die verhale van Bybelfigure. Maar ons durf nie vergeet dat ons eintlik besig is met die studie van die grootste storie in die geskiedenis van die heelal nie – die storie van God!

Vir ons is dit dikwels belangrik wie jy is, wat jy doen en waar jy bly. En dan maak ons kennis met Ragab, die Kanaäniet en 'n prostituut wat aan die verkeerde kant van die Jerigomuur gebly het. Hoe pas sy in God se prentjie? Sou Hy Hom enigsins steur aan hierdie vrou?

Dan kan ons maar net eerbiedig beaam dat God se gedagtes ver verhewe is bo ons s'n. Hy is die almagtige Drie-enige God wat op daardie tydstip besig was om sy belofte van 'n land vir Israel te vervul. Maar meer as dit: Hy het die meesterplan vir die redding van die mensdom!

Terug by Ragab. In elke mens se lewe kom daar 'n kantelpunt. Dit is wanneer jy die keuse maak tussen dié kant van die muur – vasgevang in die sonde en bestem vir die dood soos Ragab en haar medeburgers in Jerigo. Of die anderkant van die muur – bevry, gered en in die beloofde land!

Ragab kies reg! Sy verklaar haar geloof in Jos. 2:11: "…julle God, die Here, is God, bo in die hemel en onder op die aarde." Ek wil sommer byvoeg *finish en klaar!* Tussen hakies, Ragab vertel dat hulle net gehóór het hoe God sy volk uit Egipte bevry en op die slagveld gered het. Die eerste geslag Israeliete het dit self gesien en beleef en tog nie geglo soos hierdie Heidense vrou nie. Daarom pryk haar naam eeue later ook in Hebreërs se galery van geloofshelde (Heb. 11:31). Net daar kry ons nog twee brokkies inligting oor Ragab: sy was vriendelik en gehoorsaam aan God. Maar Ragab verklaar nie net haar geloof nie. Sy leef dit uit in weerwil van gevaar, want die koning en sy manne was op haar spoor. Sy versteek die verspieders van die "vyand" en help hulle om te ontsnap.

En so kom ons by die rooi tou! Hierdie tou is uit soveel stringe betekenisse saamgevleg. Rooi is die kleur van sonde. In Jes 1:18 lees ons "Al was julle skarlakenrooi van sonde..." Rooi is ook die kleur van bloed. Bloed wat ons reinig van sonde. Hierdie rooi tou by 'n uitgangsplek na vryheid herinner aan die bloed van die lam wat die Israeliete aan die deurkosyne moes smeer die nag voor hulle bevryding uit Egipte. Heelwat later lees ons in Ef. 1:7 "Deur die bloed van sy Seun is ons verlos…". Vir my is die vernaamste betekenis van die rooi tou egter die bloedlyn van Christus. Ragab se naam verskyn in Jesus se geslagsregister. In Mat. 1:5 lees ons dat sy die ma was van Boas, die man wat ons laaskeer leer ken het. Sy was 'n oumagrootjie van Dawid en dus van Jesus! Hier wil ek 'n kantaantekening maak: die Drie-enige God – Vader, Seun en Gees – was teenwoordig in Ragab se storie. Sy het in God geglo, geloof is 'n gawe van die Gees, vriendelikheid is 'n vrug van die Gees, en Ragab was bestem om in Jesus se familie opgeneem te word.

Kom ons klim in Ragab se skoene (ek reken dit sal 'n pikante paar rooies wees) maar kyk deur God se bril. Dit maak nie saak of jy uit 'n gesiene familie kom, 'n belangrike loopbaan het en in 'n herehuis bly nie. Dit maak wel saak Wie God is – die almagtige lewende en ewige God vir Wie niks onmoontlik is nie. Dit maak wel saak wat Hy doen – God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Dit maak ook saak wat Hy vandag nog deur jou en my wil doen. Verder maak dit saak waar God heers. Is dit in my hart, my woorde en my dade soos Ragab vir ons gewys het? Onthou, daar is 'n rooi tou in elkeen van ons se lewe!